NASIONALE SENIORSERTIFIKAAT-EKSAMEN
NOVEMBER 2016

# VISUELE KULTUURSTUDIES: VRAESTEL I

Tyd: 3 uur 100 punte

---

## LEES DIE VOLGENDE INSTRUKSIES NOUKEURIG DEUR

1. Hierdie vraestel bestaan uit 10 bladsye en 'n kleurinsetsel van 3 bladsye (i–iii). Verwyder die insetsel uit die middel van die vraestel en plaas dit langs die ooreenstemmende swart-en-wit afdrukke.

2. Nommer jou antwoorde presies soos die vrae in die vraestel genommer is.

3. Lees elke vraag noukeurig deur voordat jy jou antwoord konstrueer.

4. **BEANTWOORD AL 5 VRAE.**

5. Verwys slegs in Vraag 1 na die gegewe visuele geletterdheid-afbeeldings.

6. Gebruik duidelike sinne of paragrawe vir korter antwoorde. Gebruik goed-gestruktureerde paragrawe in opstelle, elk oor 'n spesifieke besprekingspunt.

7. 'n Woordelys van geselekteerde woorde (aangedui deur 'n *) word ingesluit om jou begrip van sekere terme wat gebruik word, op te klaar.

8. Geen punte sal toegeken word vir lyste feite of diagramme nie.

9. Moenie dieselfde inligting in verskillende antwoorde herhaal nie. Geen punte sal toegeken word vir 'n bespreking van dieselfde kunstenaars, kunswerke, feite of argumente in meer as een vraag nie.

10. Onderstreep die name van bewegings/werksmodusse, kunstenaars en titels van kunswerke, argitekte en geboue/ontwerpe.

11. Dit is in jou eie belang om leesbaar te skryf en jou werk netjies aan te bied.

12. Antwoorde moet voltooi word in die Antwoordboek wat voorsien word.

---

IEB Copyright © 2016

## WOORDELYS

**Gebruik die woordelys om jou begrip van spesifieke woorde te definieer en te verduidelik.**

**Alledaagse:** doodgewone, algemene

**Bepaal:** assesseer, vasstel, opweeg

**Geboei:** gefassineer, in so 'n mate belangstel dat jy dit al jou aandag gee

**Omsluit:** omvou, deel maak van iets

**Ontleed:** metodies en in detail ondersoek om te kan verduidelik en interpreteer

**Verwys:** iets indirek suggereer, die aandag terloops op iets vestig

**Verwondering:** 'n oorweldigende gevoel van bewondering ervaar

IEB Copyright © 2016

## AFDELING A ASPEKTE WAT KUNS IN INTERNASIONALE KUNS AANSPREEK

## VRAAG 1 VISUELE GELETTERDHEID

Bestudeer **Afbeeldings A** en **B**, lees die teks en beantwoord dan die vrae wat volg.

Gebruik **Afbeeldings A** en **B SLEGS** vir Vraag 1.



**Afbeelding A**

Cai Guo-Qiang
***Sentinels of the Enchanted Valley***
(2014)
Kruit op papier
300 x 1 600 cm

Afbeeldings beeld drie aansigte van die kunswerk uit. **1**





Die afbeelding bo toon Cai Guo-Qiang se werk wat aan die brand gesteek word. **2**

**Teks vir Afbeelding A:** Cai se tekeninge, wat gemaak is deur kruit op papier te laat ontplof, demonstreer 'n nuwe medium van kontemporêre artistieke uitbeelding. Sy buskruittekeninge dra sy idee oor om natuurlike energiekragte te gebruik om kunswerke te skep. Cai stel belang in die verhouding tussen materie en energie: materie (kruit) ontplof in energie en keer terug tot materie in 'n ander vorm (die verkoolde tekening). Op hierdie manier is hierdie werke aanduiders van tyd, proses en transformasie.

As tiener wat in Quanzhou, China, grootgeword het, het Cai die sosiale gevolge van die Kulturele Revolusie eerstehands waargeneem, en persoonlik aan protesoptogte en parades deelgeneem. Hy het grootgeword in 'n omgewing waar ontploffings algemeen was, hetsy die gevolg van kanonskote of feestelike vuurwerke. Hy het ook gesien hoe kruit vir goed sowel as kwaad aangewend word, vir vernietiging én rekonstruksie. **2**







**Afbeelding B:**

Tomás Saraceno
***On Time Space Foam***
(2012)
Drie vlakke van dun, deurskynende film wat tot 'n hoogte van 20 meter bo die grond gelig word.

Afbeeldings beeld drie aansigte van die kunswerk uit. **3**

**Teks vir Afbeelding B:** Tomás Saraceno is bekend vir sy skulpturele werk en installasies wat kuns, argitektuur en wetenskap saamsmelt. Saraceno is gemoeid met ons leefomgewings. Sy werke is hoofsaaklik eksperimenteel, en hy soek alternatiewe artistieke beelde om ons bewustheid van die wêreld te herdefinieer.

***On Space Time Foam*** bestaan uit drie vlakke van dun deursigtige film wat tot 'n hoogte van 20 meter bo die vloer van die galery gelig is. Die kunswerk is toeganklik vir besoekers wat betrek word by buitengewone ruimtelike ervarings: die groot sagte en swewende film verwelkom besoekers wat ervaar hoe hulle tussen die vloer en die plafon, die aarde en die lug, beweeg. **3**

IEB Copyright © 2016

1.1 Die keuse van die kunstenaarmedium in **Afbeelding A** sowel as **Afbeelding B** is ietwat ongewoon. Ontleed* hoe die kunstenaars se keuses van medium die metaforiese betekenis van elk van hul onderskeie werke skep. (6)

1.2 Bepaal* of Cia Gou-Qiang se kunswerk in **Afbeelding A** uitvoeringskuns is. Verskaf redes vir jou antwoord. (3)

1.3 Met die eerste oogopslag kom **Afbeelding A** abstrak voor, tog hou Cia Gou-Qiang vol dat dit 'n landskap is. Watter aspekte in die werk, dink jy, verwys* na landskap? (2)

1.4 As gevolg van die ongewone aard van **Afbeelding B**, kan dit dalk moeilik wees om 'n formele ontleding op dieselfde manier te skryf as 'n formele ontleding van 'n tradisionele olieverf skildery. Tog is sommige formele elemente steeds relevant en dra dit by tot die visuele ervaring van die werk.

Identifiseer en beskryf TWEE visuele elemente wat gebruik kan word om hierdie kunswerk te ontleed. Verduidelik watter effek jou gekose elemente op die kunswerk se formele voorkoms het. (4)

**[15]**

## VRAAG 2 OPSTEL: KONSEPTUELE EN INTERNASIONALE KONTEMPORÊRE KUNS EN ARGITEKTUUR

Lees die volgende teks en skryf dan 'n opstel van ongeveer 4 bladsye as respons.

> Die kontemporêre kunskritikus Ossian Ward sê: "So baie kontemporêre kuns is skouspelagtig: dit verlig, dit klink, dit omsluit,* dit betrek ons of beloon ons. Ons verwag om verlei, geboei* en selfs oorweldig te word deur al hoe groter wordende skeppings ... Ons staan in verwondering*, maar sien skaars raak …" **4**

Stem jy saam of verskil jy dat multi-sensoriese aspekte van kontemporêre en konseptuele kuns te vermaaklik geword het, tot so 'n mate dat die kyker in verwondering* staan, maar skaars sien?

Skryf 'n opstel waarin jy 3 voorbeelde van kunswerke deur 3 *verskillende* kunstenaars en/of argitekte van Konseptuele Kuns van die 1970's en huidige nie-tradisionele kunswerke kies om jou antwoord te ondersteun.

| **Puntetoekenning vir Vraag 2** | |
|---|---|
| 3 kunswerke (met kort beskrywing) deur 3 verskillende kunstenaars en/of argitekte | 3 punte |
| Relevante keuse van kunswerke | 3 punte |
| Relevante feitelike inhoud | 12 punte |
| Ontwikkeling van argument | 12 punte |

**[30]**

IEB Copyright © 2016

## VRAAG 3 KORTER OPSTEL/PARAGRAWE

Lees die stelling hieronder en beantwoord die vrae wat volg in ongeveer 1½ bladsye.

**Afbeelding C**



**Afbeelding C**
Claes Oldenburg
***Clothes Pin***
(1976)
Geroeste Cortenstaal & vlekvrye staal
13.7 × 3.7 × 1.4 m **5**

Oldenburg is bekend vir sy grootskaalse buitelug-beeldhouwerke van gewone of alledaagse voorwerpe en sy toewyding om demokratiese kuns te skep wat vir almal toeganklik is. Oldenburg het sy kunswerke geskep deur die oorspronklike voorwerpe baie te vergroot en dit dan op openbare plekke op te rig. Sy werk het al heelwat openbare omstredenheid veroorsaak. **5**

**Stelling: Soos Claes Oldenburg, het baie kunstenaars in die eerste helfte van die twintigste eeu alledaagse* voorwerpe gebruik om kuns vir meer mense toeganklik te maak.**

3.1 Kies EEN relevante kunswerk van die Dada-beweging en EEN relevante kunswerk van die Surrealistiese beweging wat alledaagse* voorwerpe gebruik.

Gee die naam van die kunstenaar en die titel van die kunswerk, asook 'n kort beskrywing van die kunswerke wat jy gekies het. (4)

3.2 Beskryf hoe alledaagse* voorwerpe in die gekose kunswerke gebruik is. (4)

3.3 Oldenburg het sy kunswerke op openbare plekke uitgestal in 'n poging om sy werk vir 'n groter kykergehoor toeganklik te maak. Sy werke is in daardie tyd dikwels as 'artistieke onooglikhede' gekritiseer. Beredeneer nou of jou gekose voorbeelde alledaagse voorwerpe is wat kuns meer toeganklik maak en of dit afstootlik vir kykers is. (7)

**[15]**

**60 punte**

IEB Copyright © 2016 

**AFDELING B KWESSIES WAT KUNS IN SUID-AFRIKAANSE KUNS AANSPREEK**

**VRAAG 4 PARAGRAWE**

**WEERSTANDSKUNS IN SUID-AFRIKA (1976–1994)**



**Afbeelding D**

Khaya Witbooi
***Guns are Roses***
(2012)
Olie- en sproeiverf op doek
150 cm × 120 cm **6**

***Guns are Roses*** is geïnspireer deur die ongelukkige gebeure van September 2012 by die Lonmin Marikana platinummyn in Suid-Afrika, waartydens die polisie 34 betogers doodgeskiet het wat gestaak het om 'n beter basiese loon te eis.

Wat hierdie gebeure so skokkend gemaak het, is die feit dat dit alles weerspreek waarvoor die hedendaagse Suid-Afrika veronderstel is om voor te staan. Na eeue van kolonialisme en dekades van aktiewe verset teen die apartheidsregering, was Suid-Afrika veronderstel om demokraties te wees met gelyke regte vir almal en 'n einde aan die uitbuiting van arm mense mee te bring. By Marikana is mense wat in hierdie beginsels volhard het, hardhandig daaraan herinner dat daar inderdaad nie veel verander het nie. **6**

Beantwoord die vrae hieronder in ongeveer 2 bladsye, en nommer jou antwoorde volgens die vrae.

4.1 Kies EEN weerstandskunswerk uit die tydperk 1976–1994 deur EEN weerstandskunstenaar wat jy bestudeer het, waarin die kyker gekonfronteer word met die konflik en geweld wat met die apartheidsera geassosieer word.

Verskaf die naam van die kunstenaar en die titel van die kunswerk met 'n kort beskrywing. (2)

4.2 Verduidelik 'n paar maniere waarop jou gekose kunstenaar se leefervaring onder die apartheidregime in die kunswerk weerspieël word. (6)

4.3 Interpreteer hoe jou gekose kunstenaar die boodskap van die kunswerk deur die keuse en manipulasie van **visuele elemente** versterk het. (4)

4.4 Gebruik jou kennis van weerstandskuns en analiseer hoe Witbooi se kunswerk soos gesien in **Afbeelding D** 'n vorm van kontemporêre weerstandskuns is. (8)

**[20]**

IEB Copyright © 2016

## VRAAG 5 PARAGRAWE

### POST-APARTHEID (POST-APRIL 1994) SUID-AFRIKAANSE KUNS

Bestudeer die volgende teks en beantwoord dan die vrae wat volg.

> Die menslike liggaam is sentraal in ons begrip van fasette van identiteit soos geslag, seksualiteit, ras en etnisiteit. Mense verander hul liggame, hare en klere om vir of teen sosiale konvensies op te staan en om boodskappe aan ander om hulle uit te druk. Baie kunstenaars verken identiteit deur verteenwoordiging van die liggaamlike en deur hul eie liggame in hul kreatiewe proses te gebruik. **7**

Kies TWEE **hedendaagse Suid-Afrikaanse kunstenaars wat uitbeeldings van die liggaam in hul kunswerke gebruik om kwessies van identiteit te verken**. Hierdie uitbeeldings kan onder andere letterlike, metaforiese, figuurlike en nie-figuurlike benaderings tot die uitbeelding van die menslike vorm insluit.

Skryf ongeveer 2 bladsye en nommer jou paragrawe volgens die vrae hieronder.

5.1 Benoem die kunstenaar, gee die titel van die kunswerk en gee 'n kort beskrywing van elke gekose kunswerk. (4)

5.2 Beskryf hoe en verduidelik hoekom elke gekose kunstenaar die menslike liggaam uitbeeld. (8)

5.3 Bepaal* of elke kunstenaar sosiale stereotipes versterk of uitdaag deur hul uitbeelding van die menslike liggaam. (8)

**[20]**

**40 punte**

**Totaal: 100 punte**

IEB Copyright © 2016 

**Lys van Verwysings**

1 Afbeelding A: Cai Guo-Quiang. (2014). *Sentinels of the Enchanted Valley*.
Beskikbaar: <http://www.caiguoqiang.com/projects/sentinels-enchanted-valley>.
Verkry 21 Februarie 2016.

2 Teks vir Afbeelding A: The Solomon R. Guggenheim Foundation. (2016). *Cai Gou Qiang- I want to believe.*
Beskikbaar: <http://www.guggenheim.org/new-york/education/school-educator-programs/teacher-resources/arts-curriculum-online?view=category&id=727>.
Verkry 21 Februarie 2016.

3 Afbeelding B en teks: Furuto, A. (2012). *On Time Space Foam.*
Beskikbaar: <http://www.archdaily.com/292447/on-space-time-foam-exhibition-studio-tomas-saraceno/>.
Verkry 21 Februarie 2016.

4 Teks en aanhaling vir Vraag 2: Ward O (2014). *Ways of Looking: How to Experience Contemporary Art*. London: Laurence King Publishing Ltd, page 127.

5 Afbeelding C: Parker, C. (2007). *Claes Oldenburg.*
Beskikbaar: <http://linesandcolors.com/2007/07/30/claes-oldenburg/>.
Verkry 5 March 2016.

6 Teks en aanhaling vir Vraag 4: Onbekend. (2012). *News and Events: a Painting about what happened at Marikana.*
Beskikbaar: <http://www.worldart.co.za/news/article.asp?ID=137>.
Verkry 21 Februarie 2016.

7 Aanhaling vir Vraag 5: *Investigating Identity.*
Beskikbaar: <http://www.moma.org/learn/moma_learning/themes/investigating-identity/the-body-in-art>.
Verkry 21 Februarie 2016.

IEB Copyright © 2016